



Andries Muller
072 447 7446

Vrystraat 23,
Heilbron
Ou Heilbron
Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK

Dreigende waterkrisis afgeweer

Heilbronners was verlede Vrydagaand erg geskok toe dit oor nasionale nuusnetwerke gemeld is dat Randwater van voorneme was om op Maandag, 9 Maart 2020 die watertoevoer na

etlike munisipaliteite, waaronder Ngwathe (en dus Heilbron) tel, met 20% te verminder. Ngwathe was op daardie stadium, volgens Randwater, 'n bedrag van meer as R5,2 miljoen verskuldig.

“Ek kon dit nie glo nie en het onmiddelik die kwessie met beide die munisipale bestuurder en hoof finansiële beampte opgeneem” sê VF Plus-raadslid Phillip van der Merwe. Hulle was net so verbaas omdat niemand tot op daardie stadium enige kennisgewing van Randwater ontvang het wat dui dat daar 'n probleem was nie. Die munisipaliteit se maandrekening was wel op daardie tydstip betaalbaar, maar is teen Maandagoggend voor 12:00 betaal, waardeur die dreigement van Randwater hokgeslaan is.

Die Burgemeester se Watertaakspan het verlede Donderdag byeengekom om vorderingoplossings vir waterlewering aan Heilbron, te bespreek. Volgens raadslid van der Merwe, lid van die taakspan, is tot op hede nog nie terugvoer van Randwater ontvang betreffende die drukvloeiometer wat aangekoop moet word om die foutiewe klep wat water vanaf Kragbron na Heilbron deurlaat, te vervang nie.

Die taakspan het die tegniese span van die munisipaliteit opdrag gegee om vandeeweek met Randwater se tegniese span te ontmoet ten einde 'n vorderings-

verslag te bekom en vas te stel wanneer die klepvervanging gedoen sal word. Daar moet ook verder onderhandel word oor die hulp wat Randwater aangebied het om 'n betroubare behoeftebepaling van Heilbron se wateraanvraag te doen. Die tegniese span moet binne 14 dae terugrapporteer aan die taakspan.

Randwater het ingestem om intussen, vir drie maande, water vanuit 'n reservoir by Sasolburg, per tenkers te lewer aan beide Parys en Edenville. Dit word verwag dat die opgraderings- en herstelwerk aan Parys se suiweringswerke teen einde Maart voltooi sal wees en dat die huidige waterkrisis daar aangespreek sal wees. Die lewering aan Edenville sal die las wat Edenville tans op Heilbron se watervoorraad plaas, aansienlik verlig.

Goeie nuus vir Edenville is ook dat Provinsie uiteindelik ingestem het dat die nuwe beplande pypleyn vanaf Koppiesdam na Edenville in die provinsiale padreserwe gelê mag word en dat die finale beplanning en konstruksie gevolglik nou aanvang kan neem.

Fratsongeluk eis 12-jarige se lewe

1981 se hartseer herleef

'n Egpaar van Heilbron het afskeid geneem van hulle liefingseun op 12 Maart 2020 nadat hy Saterdag, 7 Maart, voor hulle oë gesterf het toe 'n plaashek op sy kop geval het. Die pa van die seun het ook as kind, in die 80's, sy ouer broer op 'n jong ouderdom verloor. Juan Jansen van Rensburg is omsteeks 18:00 Saterdag opslag dood nadat 'n hek op die plaas Driefontein, in die Vegkop-omgewing naby Heilbron, op sy kop geval het. Hy was 'n Graad 6-leerling van Hoërskool Heilbron en het minder as 'n maand gelede sy 12de verjaardag gevier. Soos 'n tipiese plaasseun het hy gegaan om die hek oop te maak terwyl sy ouers in die motor gewag het. Juan het teruggekyk na sy ouers en gesê dat hy sukkel om die hek oop te kry en in 'n oogwink het die hek op hom geval. “Ons het na hom gehardloop. Ek het die hek opgelig terwyl sy ma, Nadine, hom onder die hek uitgeruk het. Maar dit was te laat.” het sy pa, Jacques Jansen van Rensburg gesê. Die egpaar het met Juan na die Tokollo Hospitaal in Heilbron gejaag, maar hulle seun is met aankoms dood verklaar. Die dokters het gesê dat hy opslag dood is. Jansen van Rensburg sê dat daar niks was waarvan hy nie gehou het nie. Voortrekkers, rugby, krieket en selfs musiek, maar sy groot liefde was vir jag en hy het gelewe om te skiet. Dit was sy droom om eendag 'n beroep hierin te volg. Juan was nie net 'n voorbeeld vir sy ouers nie, maar vir almal wat hom geken het. Sy vriendekring het gestrek van Kleuterskool tot Hoërskool en almal is altyd met die hand gegroet. Juan laat sy ouers en ouer suster, Janè (15) na. Jacques Jansen van Rensburg staan nou waar sy pa, Louis, gestaan het in November 1981. Louis moes afskeid neem van sy seun nadat 'n voertuig haastig oppad werk toe, sy seun van sy trapfiets af gery het op 13 November 1981. Louis was amper 14 jaar oud toe dié fratsongeluk



plaasgevind het. Die bestuurder het aan sy radio verstel, van die pad af gery en klein Louis getref. Hy is ook opslag dood.

Jacques was net 3 en 'n half jaar oud toe hy sy ouboet verloor het en nou, jare later, verloor hy sy kind. Wyle Louis het ook 'n jonger suster gehad, René Jansen van Rensburg, (nou Fourie). Hulle het vier jaar in Piet Retief gewoon voor die ongeluk gebeur het. “Hoe tragies kan die lewe wees. Pa Louis wat in sy leeftyd weer voor 'n kind se graffie moet staan – die stamdraer van die Jansen van Rensburg van.” Skryf Juan se tannie, René op Facebook.

Huldeblyke het op Facebook ingestroom oor Juan se tragiese dood. Willie Engelbrecht, gebiedsleier van die Voortrekkers in die Vrystaat sê: “Ons dra sy gesin en Voortrekker-familie op aan ons Hemelse Vader en bid hul krag en vertroosting toe in dié moeilike tyd.” Die Heilbron Voortrekker-kommando het op 9 Maart tydens hulle Voortrekkersessie 'n huldeblyk gehou vir Juan. Die graad 6-klas se offisier het aan die gehoor verduidelik dat Juan altyd deel sal wees van die groep en almal herinner daaraan dat Juan altyd in die Karoo wou gaan kamp. Elna Cloete praat namens die kommando en sê dat sy weet Juan is by die Here. Hy was altyd eerste om te bid en 'n glimlag op iemand se gesig te sit, altyd vol speletjies en idees, reg vir aksie. Hy was 'n voorware Voortrekkerkind. Hoërskool Heilbron dra hulle meegevoel oor aan die familie: “Ons is skielik in groot hartseer gedompel toe 'n gewilde en beminde leerling van ons af weggeruk is en ons gaan nog lank rou oor ons groot verlies. Dit gaan vir ons almal moeilik wees om hierdie trauma te verwerk en daarom sal die skoolbestuur alles in hul vermoë doen om die leerlinge en die personeel in hierdie tyd by te staan.”

Die skool het vir die dag van Juan se begrafnis gesluit vir almal om dit te kon bywoon.

MY BACK SCHOOL 2020 PARTY

SKOOLDAGBOEKE nou slegs R12,50

A5, halfblad per dag, skoolrooster binne

75% afslag

Heilbron Herald

FRANKFORT VEILING

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING

Elke Donderdag te Royal Auction Centre

Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:

Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwid Noord:

“Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!”

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkbouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07

NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za

BKB LOUID

In die eg verbind Moenie 'n man of vrou op hulle baadjie takseer nie

• AGS Kerk Heilbron

Wel Vrydagaand, 29 Februarie 2020, is dit weereens bewys. En Willie en Christeen Cronjé het eerstehandse ervaring daarvan hier in ons mooi ou Heilbron opgedoen.

Die Jeug van AGS Heilbron het besluit om 'n “Boemelaarsaand” te hou vir fonds-insameling. Elkeen moes 'n kaartjie van R15 koop om 'n kans te hê vir die pryse en in ruil vir sy R15 het hy/sy 'n “Bunny Chow” en koeldrank gekry en goeie geselskap vir die aand. Natuurlik moes ons, ons opdrag uitvoer wat ons kry in Mattheus 28:19, deur gedurig deur van Jesus se liefde en genade te praat.

Oom Willie het dan die volgende vraag gevra: Was Job 'n boemelaar? Die antwoord is stellig nee. Job was 'n man na God se hart. Met daardie stelling het hy (Oom Willie) ons almal herinner dat dit net genade is dat ons nie almal boemelaars is nie. Omdat ons so begenadig is het ons 'n taak, naamlik om Jesus Christus aan hierdie boemelaars te verkondig. En weet u wat, hy kan nie vir hom enige slegte goed gaan koop met Jesus wat ek en jy met hom deel nie.

Willie en Christeen se ondervinding is soos volg: Hulle is aangetrek soos “Boemelaars” vir die aand. Hulle ry seker so na 9 die aand huis toe, want Willie moet patrollie gaan staan. By die patrolliepunt verby, breek die bakkie. Willie klim uit om te kyk wat die probleem is, Christeen klim uit om gereedskap aan te gee, en toe gebeur

dit Daar stop 'n medeboer, want hy het die bakkie herken, maar groot was sy verbasing toe hy die mense van die bakkie sien Dit is nie al nie. Die Polisie stop om te hoor wat is die probleem, en nou ja, albei hulpverleners kry 'n lag in toe hulle die mense sien.

Net soos Willie en Christeen, het baie ander ook koppe laat draai. Ons sê BAIE, BAIE dankie vir almal wat daar was, dit was baie lekker om julle daar te kon hê. Diegene wat pryse geskenk het, vreeslik baie dankie, dit was die beste pryse wat ek in 'n lang tyd gesien het.

Meer as alles, alle dank aan Ons Hemelse Vader wat dit vir ons so 'n geseënde aand gemaak het.

DANKIE JESUS



Martin & Nadia Botes is die 15de Februarie 2020 in die huwelik bevestig by Donsveertjie. Foto erkenning: Dawie Fourie



Kennis is getoets by Dienssentrum



Dienssentrum-lede hou 'n vasvra by Huis Bron-van-Heil op 10 Maart 2020 in die rooi sitkamer en almal het dit baie geniet. Die deelnemers is só skerp dat daar nie een vraag is wat hulle nie kon beantwoord nie. Op 11 Maart het die lede weer kettie geskiet. Volgende week sluit die Dienssentrum vir die skoolvakansie met 'n fliek. Die Dienssentrum open weer DV op 7 April.

Briewe aan: Redakteur

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur.

Wat maak 'n gebed so anders as ander gesprekke?

Jy het nie nodig om 'n afspraak te maak nie.

Die lyn na boontoe is nooit beset nie.

Daar is nooit te veel besoekers nie:

Die Hoorder is nooit te besig nie.

Hy is nooit uithuisig nie.

Hy stuur jou nooit weg nie.

Hy val jou nooit in die rede nie.

Hy luister nooit met 'n halwe oor nie.

Hy vergeet nooit jou versoeke aan Hom nie.

Hy is nooit raadop nie.

Hy word nooit moeg nie.

Hy is nooit in 'n slegte bui nie.

Hy ag niks as onbelangrik nie.

Sy oor is nie te swaar om te hoor, en

Sy Hand te kort om te help nie.

“Roep My aan in die dag van benoudheid:

Ek sal jou help en jy sal My eer”.

Psalms 50:15

Bron onbekend

Omstandighede kan nie die getrouheid van die Here wegvat nie. Al gaan jy deur “riviere” dit sal jou nie oorspoel nie, en die “vuur” jou nie skroei nie.

Bron onbekend.

As 'n kindjie gebore word, het sy moeder hom so lief op daardie oomblik. Is hy of sy vir haar terug lief? Nee, want sy moeder se liefde is vir hom of haar genoeg.

Die Here Jesus het jou só lief. Hy't jou eerste lief gehad. Hy word nie Liefde nie, want Hy is Liefde.

Bron: Danie Botha

Ingestuur deur Heléne Howell

Ons hardloop mos van die een funksie na die ander, dan sê die mense: “Dis darem 'n “smart” outjie daardie” Ons werk mos altyd so hard aan ons selfbeeld.

Bron: Danie Botha

Ingestuur deur Heléne Howell.



Pres. Ramaphosa besoek Tweeling

President Cyril Ramaphosa het Sondag, 8 Maart, op Internasionale Vrouedag, vroue by Tweeling saam met Sisi Ntombela, die Vrystaatse Premier, Maite Nkoana-Mashabane, die minister van vroue, jeug en mense met gestremdhede, asook Bathabile Dlamini, President van ANCWL, toegesprek. 'n Donasie van 600 naald-werkmasjiene is amptelik oorgehandig aan Suid-Afrika deur die Chinese ambassadeur, Lin Songtain. Die Chinese Amabassade in Pretoria het 30 rekenaars, 100 stoele, 50 tafels, vyf drukkers en vele meters lap tot die donasie bygedra. Lin het gesê dat, in die voortdurende stryd teen die Koronavirus, die Suid-Afrikaanse regering, gemeenskappe, politieke partye, besighede en die media “valuable support” getoon het. Tradisioneel vier Suid-Afrika Vrouedag op die 9de Augustus ter herdenking van die Vroue-optog in 1956 toe vroue opgeruk het na die Unie-geboue in Pretoria. In

Ramaphosa se boodskap aan die vroue het hy gesê dat, ondanks die moderne wette in Suid-Afrika vir geslagsgelykheid, is daar nogsteeds 'n baie groot gaping tussen die beskerming wat die wet bied en die werklike toepassing daarvan. Ongelukkig is daar nie 'n land ter wêreld wat kan sê dat hulle geslagsgelykheid ten volle bereik het nie. In dieselfde besoek aan Tweeling het pres. Cyril die voormalige president van Agri SA, en 'n stoetboer van Tweeling, besoek. Dan Kriek het een van sy Suid-Devon-stoetbulle as geskenk aan die president oorgehandig. Die geskenk is aanvaar en sal later vanjaar afgelewer word. Ramaphosa is nou die eienaar van 'n jong stoetbul. Kriek het die geleentheid gebruik om al die werkers by Bellary South Devons aan die president voor te stel en aan hom vertel dat hy en sy werkers saamwerk as familie en van mekaar afhanklik is, so ook is boere en gemeenskappe afhanklik van mekaar.



Vories besoek Heilbron Museum



Die Heilbron Voortrekkers se Flaminke span het op die 2de Maart die Riemland Museum in Heilbron gaan besoek waar Tannie Quarta Pretorius hulle meer geleer het oor Heilbron se geskiedenis. Die kinders het die uitstappie vreeslik geniet. Op die foto Cathy Muller, Kaylin Smit en Shandi Prinsloo saam Quarta Pretorius.

Baba Zach

Zacharias Meijerink Loots begin sy lewe op 20 Februarie 2020 na 'n gesonde geboortegewig van 3.44kg. Willen Loots, Direkteur by RSA Grain Storage Solutions en Marilize Loots, Fotograaf en Grafiese Ontwerper het op Zach se geboortedag 4 jaar gelede hulle harte vir mekaar gegee. Hulle huweliksherdenking is nou verryk met nog 'n asem in die huis en hulle is opgewonde vir die toekoms nou as drie in hulle gesin.



Covid-19 in S.A

Daar is reeds met die skryf van die artikel 17 bevestigde en aktiewe gevalle van die nuwe Koronavirus in die land wat positief vir die Covid-19 getoets het. Daar is ook 126 502 gevalle in die wêreld aangemeld met 'n sterftesyfer van 4 637. Daar is reeds 68 317 mense ontslaan uit hospitale wat die getal bring tot slegs 53 548 aktiewe gevalle ter wêreld wat meer positiewe lig op die onderwerp plaas. Die Koronavirus is eintlik 'n groot familie van virusse, oorspronklik afkomstig van diere, en soos meeste mense weet was die oorsprong hiervan vanuit China en het dit vinnig na ander wêrelddele versprei. Die Covid-19 virus toon tipiese verkoue simptome, insluitend koors en 'n droë hoes. In sommige pasiënte – veral bejaardes en ander met kroniese gesondheidstoestande – kan hierdie simptome ontwikkel tot longontsteking met borsdruk, borspyn en kortasem. Dit blyk dat die eerste simptome van Covid-19 infeksie gepaard gaan met hoë koors, gevolg deur hoes, en selde 'n loopneus, nies of seer keel veroorsaak, hierdie simptome is

by slegs ongeveer 5% van die pasiënte waargeneem. Seer keel, nies en bedompige neus is gewoonlik tekens van verkoue. Simptome kan begin binne 2-14 dae as jy die infeksie opgetel het. Die heel beste benadering is voorsorg en sluit in: was jou hande gereeld, vermy kontak met jou oë, neus of mond, hoes in 'n snesie en gooi dit weg, bly tuis as jy siek is, hou alle werksoppervlaktes skoon en heroorweeg reisplanne. Maskers is dan ook voordelig om te keer dat 'n siek persoon nie 'n ander aansteek nie, maar tot nou toe is daar onsekerheid van hoe effektief die maskers werklik is. Tans word maskers nie aan 'n gesonde individu aanbeveel nie. Sink, vitamien C en Beta-glucan word aanbeveel om die immuunsisteam te versterk. Die Wêreldgesondheidsorganisasie het die Covid-19 tot 'n pandemie verklaar weens die gevalle buite China wat die afgelope twee weke 13-voudig toegeneem het. Dit is nie 'n woord wat ligtelik opgeneem moet word nie en lê klem op 'n wydverspreide siekte terselfder tyd in verskeie dele van die wêreld.



Power to the people, now!

The DA plans:

- **Privatise electricity generation.** This includes allowing citizens to generate their own power to keep the lights on.
- Change the law so businesses and individuals can sell the **extra electricity** they make to the grid for others to use.
- Offer a **R75 000 tax rebate** to cover the cost of installing solar systems in homes, taking pressure off the grid
- Zero-rate the VAT on LED lightbulbs and energy-efficient appliances.
- Allow municipalities to purchase power from **Independent Power Producers (IPPs)**, rather than relying on Eskom.

South Africa must change its laws so that people can make and sell power to one another, with tax incentives.

The DA has a plan to free SA from Eskom. Co-sign it at :

www.PowerToThePeople.org.za

or sign a petition this Saturday (Tomorrow), 14 March 2020
(Opposite OK Grocer Heilbron)

VIRUS

DIS OP ALMAL SE LIPPE – LETTERLIK.

Gister hoor ek 'n manikuris wat haar kliënt vertel hoe om Korona te vermy. Natuurlik nie die bier nie, maar die virus.

Die dame vertel dat jy jou hande net met Dettol moet was, want dit is die beste kiemdoder - nadat ek gisteraand gelees het dat Dettol self, nie kan sê of dit regtig waar is nie. Haar kliënt vra watter vitamieni sy moet neem en die manikuris rammel die verskillende soorte vitamieni af, dis amper 'n inkopiesak propvol.

Toe ek by die kassier kom, vertel sy my van haar besoek aan die tandarts. Die oomblik toe sy instap, vra die ontvangsdame dadelik dat sy haar hande moet ontsmet. (Gelukkig het die tandarts 'n bykans onuitputlike bron van maskers). Ek wonder by myself of hierdie nie die normale prosedure moet wees nie.

Die ander dag was ek in Dischem en iemand stap by my verby met 'n trollie vól van die einste Dettol en handontsmettingsmiddels en sy nies vieslik oor haar eie trollie. Ek staan later agter haar in die ry by die kassiere, sy lek haar vingers om die geld af te tel, anders blaai dit nie so lekker nie. Sy nies weer oor die hele toonbank, die pakker lek ook haar vinger nat om die sakkie uit die bondel getrek te kry en pak haar inkopies in die sak. Die kliënt stap voor my op met die roltrap, sy vat met haar geniesde, gelekte hande aan die roltrapreëling. Persoonlik vermy ek roltrapreëlings vandat ek 'n snaakse taaiërige bolletjie iets aan die roltrapreëling raakgevat het, donkiejare gelede. Ek gril vir my morsdood.

WANNEER EK GEVRA WORD VIR MY OPINIE OOR DIE KORONAVIRUS WORD EK MEESTE VAN DIE TYD MET ONGELOOF BEGROET. Dalk sal ek eendag moet om verskoning vra vir my ongeërgdheid. Daar gaan meer mense dood aan MIV, TB en meningitis, malaria en diabetes, hoë bloeddruk, selfmoord en kanker. Ek kan nog baie siektes en oorsake van dood byvoeg, maar nie almal glo my nie. Die laaste statistiek wat ek gehoor het was die mortaliteitskoers slegs 3% van die infeksiekoers. Dus sal daar moontlik 3 uit elke 100 geïnfekteerdes doodgaan. Kom ons veronderstel dat daar 100 000 infeksies tans is. Dus sal daar 3000 mense doodgaan. Wat erg is, nie dat ek allermens onverskillig staan nie. Ek is jammer vir elke persoon wat geïnfekteer word en ek is jammer vir elkeen wie se naasbestandes doodgaan van die Koronavirus. Natuurlik help sosiale media ook nie om mense rustig te hou nie. Hierdie is die eerste virus wat deur sosiale media aangejaag word. Elke nou en dan word iets op WhatsApp aangestuur: drink twee koppies warm water per dag; suig elke tweede dag 'n Disprin; was jou hande met

bleikmiddel; was jou gesigmasker gereeld (is daardie maskers wasbaar?) en moenie in jou gesigmasker nies nie (as dit op my gesig is, waar moet ek anders nies?). Wat van my oë en ander dele van my liggaam wat aan die virus blootgestel word wanneer ek my mond en my neus bedek, wonder ek?

EK VERNEEM GISTER VAN 'N SKRYWER WAT LANK GELEDE HIERDIE VIRUS VOORSPEL HET. Die boek, End of Days: Predictions and Prophecies deur Sylvia

Browne, is in 2008 gepubliseer. Op bladsy 312 is die volgende paragraaf:

“In around 2020 a severe pneumonia-like illness will spread throughout the globe, attacking the lungs and bronchial tubes resisting all known treatments. Almost more baffling than the illness itself will be the fact that it will suddenly vanish as quickly as it arrives, attack again ten years later and then disappear completely.”

Dit klink vir my baie soos die Koronavirus.

Me. Browne is 'n Amerikaanse skrywer wat daarop aanspraak maak dat sy 'n psigiese medium is. Sy het al die polisie gehelp om vermiste kinders op te spoor, maar sy het ook al die pot 'n paar keer misgesit. Sy het onder andere voorspel dat sy op die ouderdom van 88 sal doodgaan, maar ongelukkig het sy dit net tot by 77 gemaak. Sy het 'n kriminele rekord gehad omdat sy al skuldig bevind is aan diefstal. Sy het geld gemaak soos bossies, want in 2008 het sy \$750 per sessie gevra vir 'n 20-30 minute telefoniese konsultasie. Sy het 'n vier jaar lange waglys gehad vir haar telefoonkonsultasies. Haar besigheid het \$3 miljoen per jaar geëin. Maar of sy werklik die Koronavirus voorspel het, sal ek nie weet nie.

OF DIE KORONAVIRUS REGTIG SO ERG IS, SAL EK OOK NIE WEET NIE. Ek weet dat ek nie bang is daarvoor nie en my ook nie moeg maak deur elke dag na statistieke daarvoor te gaan soek nie. Ek wil nie weet hoeveel mense in Italië onder kwarantyn is nie. Ek wil weet wat ek moet vermy om die virus nie te kry nie. Ek wil aangaan soos wat ek elke dag doen: ek drink my vitamienaanvulling om my immuniteit te bou, was my hande met gewone seep, nies sonder dat die sop op ander mense spat, hou my kloutjies van die roltrapreëlings af, ek lek ook nie my vingers om die geldnote los te kry nie (want daar is nie altyd baie note nie) en ek weet ek gaan nie goed lyk in 'n gesigmasker nie.

Ek dink om virusloos te bly, moet 'n leefstyl wees en nie iets waarop ons eensklaps moet fokus nie. Ek dink hierdie is 'n storm in 'n teekoppie, maar dalk is ek verkeerd. Tyd sal leer.



Heilbron Herald GEMEENSKAPSNUUS

Op en Wakker Dienssentrum

vir Bejaardes Reitz

Program vir week

Maandag
09:00 Kooroefening

Dinsdag
09:00 Bloeddrukke

Woensdag
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg

Donderdag
10:00 Sosiale program

Vrydag
09:00 Bybelstudie

Kontakpersoon
Petro Pretorius
082 325 1322

Heilbron Dienssentrum

Breëstraat 57, Heilbron
• Tel: 072 220 7272

Bestuurder: S. Meades

PROGRAM

MAANDAE:

10:00 - EKO-program

DINSDAE:

09:30 - Bloeddrukke word geneem.

10:00 - Ledeprogram

(Elke week iets anders)

WOENSDAE:

10:00 - Speletjies,

Jukskei, ensovoorts.

(Elke week iets anders).

DONDERDAE:

17:00 Kooroefening

Geen byeenkomste tydens skoolvakansies



RIEMLAND MUSEUM TYE

VRYDAE 09:00 - 13:00

Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576

Biblioteek Tye

Piercestraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week vir die publiek oop en die tye is as volg:

MAANDAE TOT VRYDAE
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP
SATERDAE, SONDAE &
OPENBARE VAKANSIEDAE.



KERKNUUS



NG MOEDERGEMEENTE

Vierde Lydensweek

Sondag: 09:30 Erediens / Kleuterkerk
Sin Kol: Gemeentehulp / Kategese
Blok 2

NG SUID

Vierde Lydensweek

Sondag: 09:30 Erediens
Sin Kol: Fonds vir Teologiese Opleiding

GEREFORMEERDE KERK

Sondae: 09:30 Erediens

Kol: Emeritaatsfonds / Katkisasie: Les 7 & 8
Diensbeurte: Wyk 1 & 2

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

H/v Stoffelnel- en Nicolstrate

Sondag: 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M. Prinsloo 083 943 4561

AGS, PLEINSTRAAT 72

Sondag: 10:00 Erediens

Woensdag Biduur: 18:30, **Vrydag:** 19:00 - Jeug
Kontak: Past. L.B. Deyse. Tel: 058 853 1016

CHRISTUS GEMEENTE

(H/v Right- en Gilbertstraat) - **Sondag:** 09:30 Erediens

AP-KERK

Tweedestraat, Vegkop-uitbreiding

Vierde Lydensweek

Sondag: 10:00 Erediens
VBO Les 8

METHODIST CHURCH

Sunday: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.

Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA

Sondag 10:00 Erediens - Kontak M.P. Malindi 078 054 2862

EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE

Eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

EVANGELIES GEREFORMEERDE KERK FRANKFORT (MARKSTRAAT 20)

Sondag: 10:00 Erediens / 18:00 Aanddiens

Woensdag Biduur: 18:00

Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

AGS PETRUS STEYN

Sondag: 10:30 Erediens

Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477

Woensdag Biduur: 18:00

PENTECOSTAL CENTRE

(Assemblies of God, Sandersville)

Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens

Maandag: 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur

Woensdag: Huissel / **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand

Vrydag: 18:00 Jeugaand / **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.

Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190

Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

AGS KERK SANDERSVILLE

Sondag: 10:00 Oggenddiens. **Maandag:** 06:00 Huissel,
Woensdag Biduur: 06:00. Kontak: P. van Staden

CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE

Sondag: Heiligmaking om 10:30

Dinsdag: 17:00 Jeugdienste & Oefeninge

Woensdag: 17:00 Gemeentediens & Biduur

Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of
Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT

Sondagskool 09:00 / **Oggenddiens:** 10:00

Dinsdag: 10:00 Biduur / **Donderdag:** 10:00 Bybelstudie

Navrae: JC Smith 063 247 4774

DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF

Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en
www.GNmagazine.org/booklets/ Sabbatbyeenkomste vir
huisgemeentes en selgroepe. Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience
he proves that he believes).

GEKLASSIFISEERD
Small's

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars
Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za
E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Celéste herald@heilbron.co.za
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- Delareyz finance@heilbron.co.za
(Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za
(Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Silma heralduus@heilbron.co.za
(Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron,
Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.

*Menings en opinies wat
uitgespreek word in briewe
en rubrieke, is dié van die
individue en weerspieël nie
noodwendig die siening
van die redaksie nie.*

WEERVOORSPELLING

Vr 13 Mrt.	15 / 22	67% kans vir reën
Sa 14 Mrt.	15 / 27	59% kans vir oggendbuie
So 15 Mrt.	15 / 30	Sonnig, warm
Ma 16 Mrt.	16 / 26	51% kans vir laatmiddagbuie
Di 17 Mrt.	16 / 25	68% kans vir reën
Wo 18 Mrt.	16 / 26	50% kans vir reën
Do 19 Mrt.	16 / 28	56% kans vir laatmiddagbuie
Vr 20 Mrt.	16 / 28	66% kans vir donderbuie
Sa 21 Mrt.	16 / 27	84% kans vir donderbuie
So 22 Mrt.	16 / 27	70% kans vir donderbuie
Ma 23 Mrt.	16 / 28	47% kans vir donderbuie

KENNISGEWINGS

NG Gemeente Koppies-
Weltevrede

Paaskonferensie 2020

PREDIKER:

Riekert Botha

SANGDIENS:

Oscar Ehrensperger

WAAR:

NGK Koppies-Weltevrede

WANNEER: 10 - 12 April

Kontak Linda Beukes

Weeksdae 08:00 - 12:00

064 783 2948

of E-pos: ngweltevrede@carfone.net

Etes kan bespreek word: Ontbyt gratis,
Middagete R40, Aandete R30

Moet bespreek word voor 25 Maart.
Gratis verblyf kan gereël word indien
daar voor 1 April bespreek word.

Vir sny-,
hark-
en baalwerk.

Kontak
Evert Kleynhans
072 018 3685

JAARBEPLANNER 2020

MAART

14 Mrt. Vroueringskonferensie
- NG Suidgemeente
24 Mrt. Bloedskenk - NG Suid
Kerksaal vanaf 13:00 tot 18:30.

APRIL

4 April Kannie Warries
Dansorkes - Klipkerkie
9 April
AGS Kerk - Pasga-ete
15-17 April
Hoërskool Heilbron
Revue

MEI

2 Mei AGS Kerk - Kermis
8 Mei NG Moedergemeente
Visete
12 tot 15 Mei Nampo
26 Mei Bloedskenk - NG Suid
Kerksaal vanaf 13:00 tot 18:30

JUNIE

6 Jun. AP Kerk - Basaar
26 Jun. AGS Kerk - Pannekoek
verkopings

JULIE

25 Jul. AGS Kerk- Potjiekos
28 Jul. Bloedskenk - NG Suid
Kerksaal vanaf 13:00 tot 18:30
31 Jul. BoereTreat

AUGUSTUS

1 Aug. BoereTreat

SEPTEMBER

22 Sept. Bloedskenk - NG
Suid Kerksaal vanaf 13:00
tot 18:30
29 Sept. Blyweesfees -
NG Suidgemeente

OKTOBER

31 Okt. AGS Kerk -
Pik-en-Proe ete

NOVEMBER

24 Nov. Bloedskenk - NG
Suid Kerksaal vanaf 13:00
tot 18:30

TE HUUR

HEILBRON
ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in
volledige eetgerei, stoof en 2 oonde,
gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Bespreek by Hannalie Claassen
079 040 0531 G

Sperdatum vir artikels en
advertensies vir die Heilbron Herald
is Woensdae om 10:00.



DIENTSTE

Latest Releases
Late-Nite Video
Heilbron

- Fiela se Kind
- It Chapter 2
- The Curse of La Llorona
- Jexi
- The Angry Birds 2
- City of Lies

Kerkstraat 42 C /42 C Church street
072 807 7790 ★ 076 868 3837

BAAL /

SNY & BAAL

Vir die maak van voer,
vanaf sny tot baal.
1.2m bale (tou/net).
Velde of wenakkers.
Petrus Steyn,
Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring
082 851 6158 of
Piet Meiring 082 571 4191
peerlandhandel@
gmail.com

HOU HEILBRON
SKOON

ROLSTOEL-
PROJEK:

Kom help ons om
"bread tags" in te
samel, vir elke 350
kg word 5 rolstoel
geskenk aan
behoefteiges.
Daar is 'n houer in
Herald Office National
winkel. As almal saam-
werk word dié 350kg
gou-gou ingesamel.

EIENDOMME

VAN DER MERWE &
VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies
en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes - 083 308 9159

DIENTSTE

GiG Technologies Pty Ltd
Jenny Wireless Internet
www.jenny.co.za
067 170 0000

- Alarm Systems
- Web Development
- Computer Products
- Internet Services
- Computer Repairs
- CCTV Installations

Contact us for all your technical needs!
Address: 071 840 4400 Steyns 071 274 4880
Mail: info@jenny.co.za

LIFE IS GOOD ...

I HAVE A HOUSE, CAR, BUSINESS
AND PAID OFF ALL MY DEBTS
I worked as a teacher for 29 years but had no
money and was deep in debts. Dr Gitta wiped
off my tears. He put R4 million into my bank
account and to my house. Dr Gitta doesn't
charge people, you can give him anything
you want after all your problems are solved.
Call, SMS or WhatsApp him for help on
063 261 5825

K0708

Stiaan Reynierse
by die Skeerstoer
(naby Heilbron)
21 Maart, 18:00
R70 p.p
076 129 7788

U EEN-STOP WINKEL
BESIGHEIDSURE

Maandae tot Donderdae: 07:30 tot 17:00
Vrydae: 07:30 tot 16:30 • Saterdag: 08:30 tot 13:00
Besoek ons vir al u skryfbehoeftes benodigdhede,
digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe
drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veilig-
heidsklere en -skoene, informele drag en vele meer.
Kontak ons gerus vir flinke en vriendelike diens.

FORM J193

NOTICE TO CREDITORS IN
DECEASED ESTATES

All persons having claims against the under-
mentioned estate must lodge it with the Executor
concerned within 30 days (or as indicated) from date
of publication hereof.

PROVINCE: Free State

ESTATE NUMBER: 9669/2019

SURNAME: Khethe

FIRST NAMES: Godwin Tefo

DATE OF BIRTH: 1957.11.08

ID NUMBER: 571108 5811 088

LAST ADDRESS:

1365 New Location, Phiritona, Heilbron, 9650

DATE OF DEATH: 2019.08.14

MASTER'S OFFICE: Bloemfontein

Name of Executor or Authorised Agent:

Mateboho Rapuleng of Rapuleng Attorneys

Address of Executor of Authorised Agent:

P.O. Box 20032

ZAMDELA, 1949

Period allowed for lodgement of claims, if other than

30 days.

Advertiser Name:

RAPULENG ATTORNEYS

Advertiser Address:

P.O. BOX 20032, ZAMDELA, 1949

Advertiser Email:

rapulengattorneys@gmail.com

Date Submitted: 2020.03.04

Advertiser Tel:

0169732268

For publication in the Government Gazette on:

2020.03.13

U EEN-STOP
WINKEL

BESIGHEIDSURE

Maandae tot Donderdae:

07:30 tot 17:00

Vrydae: 07:30 tot 16:30

Saterdag: 08:30 tot 13:00

Besoek ons vir al u
skryfbehoeftes benodigdhede,
digitale drukwerk, wye formaat
drukwerk, korporatiewe drag,
geskenke, kantoormeubels,
oorpakke, veiligheidsklere en
-skoene, informele drag en
vele meer.

Kontak ons gerus vir
flinke en vriendelike diens.

Barber
SHOP

BARBER
LIE

Manssny R70
Pensionaris R50
Skoliere R50

Maandag tot
Vrydag 8-4nm
Saterdag 9-1nm

Langmarkstraat 62
Heilbron

Geen afspraak nodig nie.
Kom sit en sny!

Liesl Wilkins
081 619 0217

HOËRSKOOPE HEILBRON
GIMNASIUM

WORT FIES - LEEF STUUR

R250 per maand

08:00 - 20:00

Kontak - 081 848 6301

AANDAG: Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief
seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.

Heilbron Vories gee om

Die Heilbron Voortrekkers-noon (die aan Projek-Gingee 180 kinders word gegee) om nu met die omgewing nêr, maar ook kinders om hier te beskerm. Die DBV van Parys het kom kom op 15 Maart 2010 by die Heilbron Voortrekkers-noon om die skenking te ontvang. Goed waardering word gegee aan Heilbron Houtstapel en Star (dagblad wat demans gemaak het en hulle geskiedenis, want ekken wat daaronder deelgemeen het. In Houtstapel 1910 het die Geyser Verlaan die DBV spog sal weer moet ry om die Geyser 1910 te kom. Die dag was afgesien met 'n klein houthak 1910 en 'n groot houthak.



Bronnie-atlete presteer steeds



Shirley J. Schaefer, 10000 13th Avenue, NW, Seattle, WA 98147; E-mail: shirley.schaefer@seattleu.edu
 Corresponding author. Tel.: +1 206 685 2200; fax: +1 206 685 2200; e-mail: shirley.schaefer@seattleu.edu
 Manuscript accepted 17 July 2006; accepted for publication 17 July 2006; accepted for publication 17 July 2006
 Published online 18 July 2006; DOI: 10.1016/j.jmb.2006.07.001
 Copyright © 2006 Elsevier B.V. All rights reserved.



THERMOPOLYMERIZATION OF ACETYLENE WITH AN ALKYLARYLAMPHIPHILIC APPENDAGE

Kompetisie Gholfhempies

Sweet-absorberende materiaal voor mannen, vrouwen en kinderen

Neukitbaar in grijs,
leermodiegroen, donkerblauw,
blauw, rood en wit.

**Bestel NOU en ons stift
een volkleur druk in.**



RESIGHEIDSURE

Manuscript at Dargerdoo: 07.3.1997-17.98

Vrijdag: 07:30 uur tot 10:30 | zaterdag: 08:30 uur tot 11:00

Besook ons vir al u skryfbehoeftes benodigdhede, digitale drukwerk, wys formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoorameubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene. Informele drag en vele meer.



Downloaded At: 11:52 11 September 2009
 This article has been cited by:
 1 article(s)
 This article has been viewed:
 103 times
 This article has been downloaded from:
 129.173.255.65
 on 11 September 2009 at 11:52
 All rights reserved. No part of this article may be reproduced, stored in a retrieval system, or transmitted, in any form or by any means, electronic, mechanical, photocopying, recording, or by any information storage or retrieval system, without permission in writing from the publisher, Cambridge University Press.

Heilbron wen Sasolburg

T20 reeks

Heilbron wen Sasolburg 2de span met 9 paaltjies in T20 reeks. Sasolburg kon slegs 113 lopies aanteken deur goeie boulwerk van Theuns Botha met 2 paaltjies vir 12 lopies en Pieter Baan met 3 paaltjies vir 14 lopies. Speler van die wedstryd is Irfan Arshad met 83 lopies van 42 balle, nie uit nie. Volgende naweek se T20 wedstryde is teen Vanderbijlpark en Sharpville in Sasolburg. Kom ondersteun gerus die span.

Score Card								
Bat No	Batsman	How Out	Bowler	Run s	Balls	4s	6s	Min s
1	Irfan Arshad	Not Out		83	42	10	6	51
2	Dylan Winkler	Caught	J Botha	17	19	3	0	43
3	Rudie Bruwer	Not Out		8	5	2	0	7
4	Cameron Arshad	Did Not Bat		0	0	0	0	0
5	Ooneb Arshad	Did Not Bat		0	0	0	0	0
6	Ali Asif	Did Not Bat		0	0	0	0	0
7	Pieter Baan	Did Not Bat		0	0	0	0	0



Op die foto links: Irfan Arshad

Terugblik



HEILBRON HERALD, VRYDAG 30 AUGUSTUS 2002 – BESOEKERS VANUIT ENGELAND Val en Neville Curren van Heilbron se seun Sean en skoondogter Brigitte met hul kinders, Alexis (5) en Wade (18 maande) het van Cambridge, Engeland hier in Heilbron besoek afgelê. Hulle het 'n draai by die Riemland Museum gemaak. Sean werk in 'n beleggingsbank in Londen. Hulle is baie lief vir klein dorpie en sal graag terugkeer na Suid-Afrika en kom boer. Diere is hulle liefhebber. Sean sê SA is nog steeds die beste plek om jou kinders groot te maak.

	7		3		2			8
2		1		5				3
8				7				
3			2				8	
		6				3		
4	5		8		3			9
6		7			9		1	5
	4							
	9	8	5	2				

SUDOKU
Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

Het jy geweet?...

Lugbesoedeling kan die mens se lewe met meer as 'n jaar verkort, het 'n studie aan die Universiteit van Texas bevind. Die span het gesondheidsdata van 185 lande, geneem uit die 'Global Burden of Disease Study', gebruik om die effek van blootstelling aan deeltjies kleiner as 2,5 mikron te skat. Hierdie fyn deeltjies kan diep in die longe beland en die risiko van hartaanvalle, beroertes, asemhalingsiektes en kanker baie meer verhoog. Sowel as wat dit ons gesondheid negatief beïnvloed, blyk dit dat lugbesoedeling ons ook minder intelligent kan maak. Navorsers aan die Universiteit van Peking het bevind dat diegene wat blootgestel word aan hoër vlakke van lugbesoedeling aansienlik slegter gevaar het in verbale en numeriese toetse as dié wat in gebiede met skoner lug



leef. Alhoewel daar 'n duidelike korrelasie tussen die twee verskynsels is, bewys die studie nie dat daar 'n onderskeidende oorsaaklike verband tussen hulle is nie.

Briewe aan: Redakteur

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die redakteur. Ek wil net graag 'n klein regstelling maak, oor die presteerders en nie-presteerders, ek het gesê die Here het laasgenoemde ook lief, dis vanselfsprekend dat die Here almal lief



het. Wat ek eintlik probeer sê is, dat almal beskik oor talente, almal s'n is nie eenders nie, maar vir Hom belangrik en kan Hy die geringste talent, tot Sy eer gebruik. Ingestuur deur Heléne Howell.

Slazenger Baadjies

Beskikbaar vir mans en vroue hierdie winter

Bestel NOU!

Verkeibare in donkerblou, grys en swart

Herald

Office National

SPORTverslag

Wie gaan Heilbron se bestes wees?

Ligaspan te sterk vir Bethlehem

Die weervoorsigte lyk goed vir Saterdag en spelers kan uitsien na 'n uitstekende baan met setperke wat goeie tellings sal laat inrol.

Die klubkampioenskappe gaan oor 36 putjies beslis word vir die A,B en C afdelings, met die dames en seniors wat net 18 putjies sal speel. Die senior manne gaan die veld lei en slaan reeds teen 07:30 af. Verlede jaar se kampioen, Jackie Leonard, speel uitstekende gholf en hy sal vanjaar weer moeilik geklop word. In die ander afdelings is dit moeilik om



wenners te voorspel en enigiets kan op die dag gebeur.

Die ligaspan het nie verlede Saterdag op Heilbron teleurgestel nie, hulle wen Bethlehem 3 met 14 punte teen 4. Die liga is nog onbeslis nadat Frankfort teen Harrismith verloor het. Frankfort was voor Saterdag nog onoorwonne, maar Bethlehem 2 is nou die span om te wen.

Lede word ook herinner om ledegelde te betaal voor môre se kampioenskappe, anders kan jy nie speel nie.

Jagtersnuus - Riemland-Tak

Daar was Saterdag 7 Maart, ten spyte van al die ander aktiwiteite op die dag, 32 skuts teenwoordig by die skietoefening. Groot was almal se verrassing toe daar op 200m 5 skote na 'n bobbejaan teiken geskiet is. 'n 6de skoot was as 'n ekstra uitdaging toegelaat na 'n Coke botteltjie vol water. Die wind het matig gewaai, maar reg van voor het dit nie 'n probleem veroorsaak nie. Alwyn Swart het stof in die ander se oë geskop met 'n uitstekende telling van 185/200.

Handwapen was bemagtig deur Japie Steyn se gewilde "gongs" op verskillende afstande, waarvan Pierre Erasmus die wenner was en 100% geskiet het. Die .22 baan het 'n takbok op gehad waarvan die beste skut vir die dag Hennie Viviers was met 'n telling van 91/100. Die haalgeweer bly steeds 'n uitdaging vir die meerderheid skuts, op die dag het die hoekwind die kleie baie anders deur die lug laat trek. Johnnie Fourie en Hennie Viviers het beide 80/100 geskiet. Geluk aan al die wenners. Die volgende groot skietdag is die 18de April se ope pryskiet met groot kontantpryse. Die SPUR se koswaentjie sal daar wees om eet- en drinkgoed te verskaf. Bring geld en al jou vriende saam.



Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za

JJ Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067



BKB Louwid NOORD
Die komende week se **BELANGRIJKSTE** veilings

DINSDAG - 17 MAART 2020

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudi van der Westhuizen 079 418 4289

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

WOENSDAG - 18 MAART 2020

VENTERSDORP : TROMPIE GROUP
800 Bonsmaras, 1400 ha plaas, spilpunt en voerkraal
11:00, Grootbos, Ventersdorp
Kontak Salty de Villiers 073 816 4966

DONDERDAG - 19 MAART 2020

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Bertus Linde 079 679 1718

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

VRYPDAG - 20 MAART 2020

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

SATERDAG - 21 MAART 2020

VILLIERS : ODENSIM PRODUKSIEVEILING
190 Simmentalers en 200 Dormers
11:00, Uithoek, Villiers
Kontak Gert Burger 082 822 1952

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/276177/07
Posbus 220, Frankfort 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za



IS YOUR EMPLOYER PAYING YOU THE NATIONAL MINIMUM WAGE?

If you are not paid the national minimum wage of R20.76 per hour

- R18.68 per hour for farm and forestry workers
- R15.57 per hour for domestic workers
- R11.42 per hour for workers under the Expanded Public Works Programme

then dial the **FREE IMPIMPA HOTLINE**.



FREE IMPIMPA HOTLINE: *134*305#
DIAL THE FREE IMPIMPA HOTLINE AND FOLLOW THE PROMPTS



employment & labour
Department of Employment and Labour
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

THE NATIONAL MINIMUM WAGE
A TOOL TO CLOSE THE WAGE GAP AND TO OVERCOME POVERTY



DEPARTMENT OF EMPLOYMENT AND LABOUR, WORKING FOR YOU